SA GEMEENTE VAE

Handelinge
Dagstukkies vir 14 dae
DEEL 1
21Jan – 3 Feb 2012

JANUARIE EFESIËRS 5:15-17

Maak die beste gebruik van elke geleentheid

Efes 5:15 Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. 16 Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. 17 Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.

Here laat ek in hierdie 40 Dae Reis U stem hoor en dat ek sal verander

Teen ‘n asblik het hy daar in die L'Enfant Plaza Stasie in Washington gestaan op Vrydag 12 Januarie 2007. Dit was skuins voor agt die oggend- die ou met ‘n langmou T-hemp, jeans en hoedjie. Sy vioolkissie was oop en in sy vaardige hande was ‘n viool. Vir 43 minute lank het hy gespeel terwyl 1097 mense by hom verbygestap het oppad werktoe.

Hierdie doodgewoon geklede violis het afgeskop met ‘n 14 minuut-lange stuk van Johann Sebastian Bach, getiteld *“Chaconne.”* ‘n Middeljarige man het vir ‘n vlietende sekonde omgekyk om te hoor wat gespeel word. Terwyl hierdie violis ook ander ingewikkelde stukke soos Franz Schubert se “*Ave Ma*ria” gespeel het, het net sewe mense gaan stilstaan om die musiek aan te hoor. Terwyl 1,070 mense het ongestoord verby die violis gestap het, het 27 mense 32 dollar en ‘n paar sente in sy vioolkis geplaas.

Die ironie is dat dit ‘n wêreldberoemde violis is, een van die grootmeesters van ons tyd! Sy naam: Joshua Bell. In 2007 het hy juis die gesogte Avery Fisher prys ontvang as die beste klassieke mussikus in die VSA. Is dit nie ironies dat die einste musikant wat aand na aand voor vol sale skares mense betower met sy 3,5 miljoen dollar viool, wat in 1713 deur Antonio Stradivari tydens sy sogenaamde “goue tydvak” gemaak is, misgekyk is omdat hy “uit plek” was.

Die Washington Post het hierdie “straat-uitvoering” van Joshua Bell gereël tydens spitstyd op ‘n Vrydagoggend om te kyk of mense hul roetines vir ‘n paar sekondes sou onderbreek indien ‘n musikale genie in hul omgewing speel. Sou hulle ‘n maestro herken? Sou iemand tot stilstand kom? Sou ‘n skare naderstaan in die teenwoordigheid van ‘n klassieke virtuoso soos Joshua Bell, al was hy heeltemal uit plek?

O ja, op 12 Januarie 2007 het ‘n paar persone wel Joshua Bell se musikale genialiteit herken. Een van hierdie persone se naam is John Picarello. Toe hy die musiek van Bell hoor, het hy vir nege minute lank staan en luister. Na die tyd het ‘n joernalis van die Washington Post hom gevra of iets buitengewoon daardie oggend met hom gebeur het onderweg werktoe. Toe antwoord hy dat en of ander briljante violis by L'Enfant Plaza gespeel het.

“Baie ander musikante speel daar,” het die joernalis opgemerk.“Maar glad nie soos hierdie ou nie. Hy was absoluut briljant en hy het ook ‘n baie goeie viool in sy hande,” het Picarello geantwoord. Hy het toe wel $5 in Bell se vioolkissie ingegooi, egter sonder om hom te herken. Stacey Furukawa het Joshua Bell wel herken. Sy het eers teen die einde van die uitvoering daar aangekom en verstom gestaan en luister na haar held en maestro. Sy kon nie glo dat mense Bell ignoreeer en dat sommiges die vermetelheid het om 25 sent stukke na sy kant te gooi nie. Later het sy oorbluf aan ‘n verslaggewer van The Washington Post gesê: “what kind of a city do I live in that this could happen?"

Joshua Bell se ervaring in die L'Enfant Plaza Stasie in Washington herinner ons aan Jesus se aardse optrede. Sy bediening was soos ‘n viooluitvoering van die heel beste vioolmusiek terwyl ‘n massa mense daagliks by Hom verbygestap het. Nee, hulle het Hom later hoogs geïrriteerd

stilgemaak… op ‘n uiters brutale wyse daar by Golgota! Die rede? Jesus het van die begin af heeltemal anders gelyk, gepraat en opgetree as wat mense ‘n Messias voorgestel het. Net mooi alles aan Jesus, vanaf sy geboorteplek in ‘n voerbak vir diere; sy agteraf opgroeiplek (Nasaret); sy volgelinggroep van sondaars, nie-Jode, vroue, en tollenaars, tot by daardie veragtelike heuwel waar Hy gesterf het (Golgota), druis lynreg teen die grein in van enige veilige, gerieflike godsdiens.

Ons lees iets hiervan in Johannes evangelie hooftuk 1: *9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. 10 Hy wás in die wêreld — die wêreld het deur Hom tot stand gekom — en tog het die wêreld Hom nie erken nie. 11 Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie....*

Gedurende hierdie 40 dae reis is my gebed dat ons die stem (musiek) van die opgestane Jesus duidelik sal hoor en ons lewens daardeur laat lei en vorm; dat ons deur die Heilige Gees aangeraak word om te reageer. My gebed is dat ons die beste gebruik sal maak van elke geleentheid en die tyd sal uitkoop soos die ou vertaling dit stel. Ons gebed is dat ons nie maar net sal verbyloop as Jesus met ons praat

- omdat ons dalk te besig is nie...
- omdat wat ons hoor miskien nie vir ons mooi genoeg klink nie en na ons smaak is nie....
- omdat wat ons hoor opoffering sal vra en ons dalk te gemaklik is nie...
- omdat ons te vasgevang sit in sonde en nie kans sien om te breek en Jesus ten volle te vertrou nie.

Besin en oordink vir sowat 5-10 minute oor Efes 5:15 Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. 16 Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. 17 Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.
Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van hierdie Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in ‘n joernaal neerskryf.

Kniel by die kruis en bid oor die sake wat jy uit vandag se gedeelte gehoor het. Miskien moet jy belydenis doen, dinge laat staan en ander dinge weer anders begin doen. Miskien moet jy vergewe...Waarmee moet die Here jou help om meer en meer soos Jesus word?

Bid vir ons gemeente oor die volgende sake: Ons gemeente jeug en die 40 Dae Veldtog wat begin het. Bid dat die Here ons ‘n sensitiewe hart sal gee om Sy stem(woorde) in ons lewens te hoor. Bid vir ‘n gemeente wat getrou sal bly aan hulle roeping om meer en meer soos Jesus te word. Hier volg ‘n gebed wat jy moontlik kan bid:

Vader ons kom na U toe in die Naam van Jesus. Ons bring ons gemeentes Jebel Ali, Abu Dhabi, Mirdif en Al Ain voor U aangesig. Ons bid dat U Heilige Gees in al Sy volheid onder ons sal kom woon om ons te leer en te lei in waarheid. Here, U is ons Rots, ons Skuilplek en Redder ons God by wie ons skuil. Ons skild en Sterk Verlosser ons veilige vesting. Heilige Gees kom neem oor in ons lewe, neem ons in U besit vir U dienswerk, smee ons in ‘n eenheid met U Gees, tot uitbreiding van U Koninkryk.

Here U ken ons gedagtes nog voor dit by ons opgekom het, help ons in ons denke om oor te gee sodat U Heilige Gees ons kan beïnvloed vir U dienswerk. Help ons om U wil te gehoorsaam. U regterhand ondersteun ons en gee ons oorwinning. Ons stel U altyddeur voor ons, U is ons God wat ons met krag omgord en ons weë volkome maak. Laat die woorde van ons mond en die oordenking van ons hart welbehaaglik wees voor U aangesig o Here ons Rots en Verlosser. Ons dank U en hou vas daaraan dat U ‘n Waarmaker is van U Woord en dat U ons gedurigdeur sal lei om meer en meer soos Jesus te word. Ons bid dit in Jesus Naam.
Amen

22 JANUARIE HANDELINGE 1:1-3

Die belofte van die Heilige Gees

1My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die
begin af 2tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur
die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. 3Ná sy dood
het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig
dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die
koninkryk van God gepraat.

Opstanding deurbreek dood en verras!

Hand 1:3 Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe.
Hand 2:24Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat
opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou.

Ons lees dat Jesus het met onweerlegbare bewyse getoon dat ***Hy lewe***... dat Hy uit die opgestaan het. ***Die kern van kerkwees is dat ons gekruisgde Jesus (die Lam) aanbid wat die graf oorwin het en nou die Lewende en opgestane Here is (die Leeu) wat nou heers as Koning!***

Tom Wright het 'n besondere boek ***Surprised by Hope*** geskryf (SPCK 2007) In detail behandel hy eers velerlei van die hedendaagse skeptiese argumente wat dit moeilik vind om die liggaamlike opstanding van Christus te aanvaar. Onder andere is die vraag of die opstanding nie maar projeksie van die evangelieskrywers en dissiples was nie. Hy dink nie so nie, want, sê Tom Wright, die liggaamlike opstanding van Jesus is so vreemd aan die Judese tradisie dat dit hoogs onwaarskynlik is dat die dissiples dit hulle dit sou kon verbeel. Meer waarskynlik is dat hulle geheel en al deur God verras is deur 'n totaal onverwagse bonatuurlike ingrepe van God self.

Daar word vertel van 'n predikant wat op 'n goeie oggend besig was om preek voor te berei toe die telefoon lui en 'n vrou vra of hy vir haar sal kom bid, dit is dringend dominees sê sy. Hy ry dadelik. Toe hy daar aankom vind hy 'n vrou in 'n rolstoel. Waarvoor kan ek vir u bid, vra hy. Ergelik antwoord sy: "Dat ek kan loop natuurlik". Voor hy bid verduidelik hy dat ook ons gebede afhanklik is van God se wil- halfpad in sy verduideliking, stop sy hom en vra weer: "Dominee bid asseblief dat ek weer kan loop". Die dominee bid vir haar en vra dat sy weer kan loop. Groot is sy verbasing toe sy na sy gebed dood luiters opstaan en begin loop. Dit is 'n wonderwerk!, roep sy uit. Sy roep die bure, bel haar familie en vriende en binne minute is die huis gevul met vreugdevolle mense. Die dominee staan eenkant, onkant gevang om die minste te sê en toe niemand kyk glip hy stil stil by die agterdeur uit, stap om na sy motor, klim in, sit sy kop op die stuurwiel en in 'n skietgebed sê hy- "Here belowe my net U doen dit nooit weer aan my nie!

Jesus se opstanding wil die diepliggende houding van skeptisisme wat in ons lewe en wat ons geslote maak vir die onverwagse hoop van God, deurbreek. Jesus se opstanding wil ons verras om met 'n ander oog na die lewe te kyk... dat vasgelooptheid en dood wel deurbreek kan word.

Tom Wright in ***Surprised by Hope*** praat van 'n staatsgreep, wat deur die verstand uitgevoer is, gedurende die tydperk die Verligting, waar enigiets wat nie met die rede bewys en deurdink kon word nie, verwerp is. Hy skryf dat die "Enlightenment (Verligting) convinced so many that 'we now know that dead people don't rise'…" Hierdie intellektuele raamwerk het ons in 'n totalitere greep vasgevang waarin geen ander wêreldbeskouing as ons eie nie moontlik is nie. "Who after all was it who didn't want the dead to be raised? Not simply the intellectually timid or the rationalist. It was, and is, those in power, the social and intellectual tyrants and bullies; the Ceasars who would be threatened by a Lord of the world who had defeated the tyrant's last

weapon, death itself…(pp 86-87) Hy gaan verder, “Hope is what you get when you suddenly realize that a different worldview is possible, a worldview in which the rich, the powerful and the unscrupulous do not after all have the last word. The same worldview shift which is demanded by the resurrection of Jesus is the shift that enables us to transform the world.”(87)

Dat Jesus uit die dood opgestaan beteken dat ons op ‘n nuwe manier oor die wêreld kan dink en voel...dit beteken dat die magte van dood en doderyk oorwin is en dat ‘n volkome nuwe lewe moontlik is... ‘n Lewe met ‘n uitroepteken!...’n lewe om voluit agter Jesus, die Oorwinnaar uit die dood, aan te gaan en Hom te volle met elke vesel in my liggaam te vertrou. Meer nog...Dat Jesus opgestaan het uit die dood beteken dat verrassings moontlik is en daar wel uit vasgelooptheid en doodsheid nuwe lewe kan gebeur!

Besin en oordink wat die Opstanding van Jesus vir jou beteken.
Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van vandag se Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in ‘n joernaal neerskryf.

Kniel by die kruis en bid oor die sake wat jy uit vandag se gedeelte gehoor het. Miskien moet jy belydenis doen, dinge laat staan en ander dinge weer anders begin doen. Miskien moet jy vergewe...Waarmee moet die Here jou help om meer en meer soos Jesus word?

Bid vir ons gemeente :

Bid die onderstaande stadig en met die nodige aandag:

Markus 12:[29] ‘Hoor, Israel, die Here ons God is die enigste Here. [30] Here, my God ek bid dat ek U sal liefhê met my hele hart en met my hele siel en met my hele verstand en met al my krag.’ 31 En verder dat ek my naaste sal liefhê soos myself.’ Ek bely Vader dat daar geen ander gebod is groter as dié twee nie.”

Matt 6: [9] “So moet julle bid: “Ons Vader wat in die hemel is,

laat u Naam geheilig word….
laat u koninkryk kom…
laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel….

Gee ons vandag ons daaglikse brood….
en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree….
en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose….
Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen

Kom ons bid vir ‘n kragtige 6 weke rondom ons 40 Dae Veldtog - Vir 6 weke werk ons hele gemeente almal saam deur die boek Handelinge. Bid dat die Here hierdie dagstukkie Woordbediening sal gebruik om ons meer en meer na Jesus te laat groei. Bid dat ons ons selgroepe ook in hierdie tyd sal groei en ontwikkel. Bid ook vir die eredienste op Vrydag dat deur die Woordbediening ons sal belewe hom die Here ons gemeente nuwe lewe gee.

Spandeer tyd om die Heer te loof en te dank. Sluit af

23 JANUARIE HANDELINGE 1:4-8

4Terwyl Hy ’n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem
af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor
het. 5Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ’n paar dae met die Heilige
Gees gedoop word.” 6Toe hulle ’n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is
dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?” 7Hy het hulle geantwoord: “Dit is
nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie.
8Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies
wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die
wêreld.”

Oor die Koninkryk van God

In Hand. 1:3 lees ons: “Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van ***die koninkryk van God*** gepraat.”

Vir die dissipels het “die Koninkryk” beteken dat die volk Israel bevry gaan word van die Romeinse oorheersing en dat hulle weer hulle eie Koninkryk sal terugkry soos hulle in die tyd van koning Dawid belewe het. Dit is wat die Messias sou kom doen. Daarom hoor ons hulle in Hand. 1:[6] vra: “…’Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?’

En dan antwoord Jesus hulle: ‘Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.’"

In Jesus het die koninkryk alreeds gebeur, daar waar armoede opgehef word, daar waar genesig en wonders plaasvind en onreg opgehef word, daar waar blindes sien, lammes loop en aan armes die evangelie verkondig word en mense vergifnis ontvang kortom waar God se nuwe wêreld sigbaar word. Met ander woorde: Jesus antwoord hulle dat die koms van die Koninkryk “gebeur” daar waar ek en jy mense rondom ons, en tot aan die uithoeke van die aarde, begin bedien met ons getuienis en met die bonatuurlike gawes en salwing van die Heilige Gees wat op ons is. Tog sal die koninkryk in sy volheid sigbaar word wanneer die nuwe hemel en die nuwe aarde met Jesus se tweede koms aanbreek. Intussen, tussen eerste koms en wederkoms bedien ons met die krag wat God deur Sy Ges aan ons gee.

Mense gaan God tussen hulle beleef, en Jesus as Verlosser, Here, Doper met die Gees en Koning van hulle eie lewens belewe, die wêreld om hulle ontdek en in geloof kies om Hom te volg. En daar gaan Hy hulle weer op hulle beurt gebruik om Sy Koninkryk te laat kom.

Jesus het 'n aantal gelykenisse vertel om hierdie visie van die koninkryk duidelik te maak. Kom ons kyk na 'n paar:

1. **God is aan die werk in jou gewone werk**. In Markus 4:[26 - 29] lees ons die gelykenis van die saad wat vanself groei. Of die boer nou wakker is of slaap, die saad ontkiem en groei. Wanneer die tyd daar is, kan die boer die graan oes. *Jesus sê dat die koninkryk van God aan die werk is in die gewone alledaagse lewe. Gewone werk is waar God aan die werk is*.
2. **Klein is groot**. In die gelykenis van die mosterdsaadjie (Markus 4:[30 - 32]) lees ons dat hierdie klein saadjie 'n boom word met takke waarin die voëls kan nesmaak. Jesus wil hê dat ons moet dink aan 'n wêreld waar ons klein bydraes as betekenisvol gesien word. Gee aan iemand 'n beker water, was 'n siek persoon se voete, skryf 'n kort briefie van bemoediging aan iemand wat swaarkry ... *Jesus sê hierdie klein dingetjies is groot dinge*.
3. **Koninkryksmense groei in vrede met nie-koninkryksmense**. In die gelykenis van die onkruid tussen die koring (Matteus 13:[24]) groei die onkruid en koring saam. Toe sy slawe die

onkruid wou uittrek, sê die eienaar dat hulle dit moet los, want as hulle die onkruid uittrek, sal hulle die koring beskadig. *Jesus sê dat ons in vrede met ongelowiges moet saamleef. Ons wil so graag oordeel, maar ons mag nie - God sal oordeel.*

4. **Mense gee hulle lewe vir die koninkryk**. In die gelykenisse van die skat in die saailand en die waardevolle pêrel (Matteus 13:44 - 46) vertel Jesus van mense wat alles verkoop net om die skat/pêrel te bekom. Hulle is wenners. In Lukas 14:28 - 32 vertel Jesus van 'n bouer wat nie genoeg geld het om sy gebou te voltooi nie. Hy vertel ook van die koning wat nie genoeg soldate vir sy stryd het nie. Hulle is verloorders. So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie (Lukas 14:33). *Baie sien en hoor, maar doen niks nie.* Wees 'n wenner agter Jesus aan.

5. **Gee in plaas van opgaar**. In die gelykenis van die ryk dwaas (Lukas 12:13 -21) lees ons dat die ryk dwaas skure bou waarin hy sy goed gaan opgaar. Hy hou op met werk; hy eet, drink en leef lekker. Maar God eis sy lewe van hom op - vannag nog. Ons kry dieselfde boodskap in die verhaal van die ryk man en Lasarus (Lukas 16:19 - 31). *Jesus voorsien 'n wêreld waarin **die** wat het, **die** wat nie het nie, sal help. Diegene wat het, maar nie help nie, sal deur God geoordeel word.*

6. **Moenie godsdienstige kundiges vertrou nie**. In Lukas 10:25 - 37 vertel Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. 'n Priester en 'n Leviet loop 'n wye draai om die beseerde; die godsdienstig uitgeworpene - die Samaritaan - help. *Wie help die armes, diegene in plakkerskampe, die VIGS-wesies? Jesus het ook sulke vrae gevra.*

7. **Jou hart is belangriker as jou godsdienstigheid**. In die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Lukas 18:9 - 14) wil Jesus hê dat ons ons moet sien soos ons werklik is.

8. **Die oordeel kom beslis**. In die kort gelykenis van die treknet (Matteus 13:47 - 50) vertel Jesus hoe die goeie en onbruikbare vis geskei word. Die onbruikbare vis word weggegooi. Die goeie vis is mense wat Jesus se koninkryksvisie gehoor en aanvaar het; die onbruikbare vis is diegene wat Jesus se koninkryksvisie gehoor het en .... weggestap het.

In sy gelykenisse gee Jesus ons 'n kykie in hoe sy koninkryk lyk.

Die uitstorting van die Gees volgens Handelinge 1:8 rus die dissipels toe om orals waar hulle gaan, dikwels in uiters moeilike omstandighede van Jesus te vertel en sy liefde te demonstreer. Jesus is die nuwe Koning – ons moet dit in die wêreld orals gaan aankondig, proklameer en sigbaar bevestig deur ons lewe. Die res van Handelinge moet vanuit hierdie perspektiewe verstaan word. In hoofstukke 3-12 dra die kerk die boodskap dat Jesus die Koning (Here) is veral uit onder die Jode met Petrus leier en vanaf hoofstukke 13-28 word die boodskap veral deur Paulus onder die heiden nasies uitgedra waarvan ons dan lees in Hand 28:30,31

Besin en oordink wat die Hand 1:8 vir jou beteken.
Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van vandag se Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in 'n joernaal neerskryf.

Kniel by die kruis en bid oor die sake wat jy uit vandag se gedeelte gehoor het. Miskien moet jy belydenis doen, dinge laat staan en ander dinge weer anders begin doen. Miskien moet jy vergewe...Waarmee moet die Here jou help om meer en meer soos Jesus word?

Bid vir ons gemeente oor die volgende sake: Here Jesus ek kom vir herlewing vir ons persoonlike en gemeente lewens. Vader ek bid

- dat U Gees ons sal aanraak en vernuwe
- vir 'n honger en dors om U Woord te lees en dit te oordink, te verstaan en in toewyding daarvolgens te leef. Here laat ons lewe in ooreenstemming met U Woord wees. Ek bid
- dat mense Jesus in ons sal sien.
- dat ons krag sal ontvang om te getuig en wanneer ons getuig, dat ons lewe harder as ons woorde sal praat.
- dat U ons die vermoë sal gee om verby ander mense te kyk en op U te bly fokus.

24 JANUARIE HANDELINGE 1:9-26

Jesus se hemelvaart

9Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en ’n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. 10Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. 11Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”

Judas se opvolger

12Daarna het hulle na Jerusalem toe teruggegaan van die berg af. Dit is die Olyfberg, vlak by die stad, ’n sabbatsreis ver. 13In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus. 14Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met ’n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.

15In daardie tyd was daar ’n byeenkoms van die sowat honderd en twintig gelowiges. Petrus het die leiding geneem en gesê: 1617“Broers, die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word. Hy is as een van ons gereken en is ook gekies om ’n aandeel in ons werk te hê, maar hy het die gids geword van dié wat vir Jesus gevange geneem het.

18“Met die geld wat Judas vir sy misdaad gekry het, het hy ’n stuk grond gekoop. Daar het hy vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgepeul. 19Dit het bekend geword onder al die inwoners van Jerusalem. Daarom word die plek in hulle taal Akeldama genoem. Dit beteken Bloedgrond. 20“In die boek van die Psalms staan daar: Laat sy woonplek leeg word;

laat niemand daarin woon nie, en: laat ’n ander sy amp oorneem. 21-22“Daar moet dus nog ’n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.” 23Hulle stel toe twee voor: Josef, wat ook Barsabbas of Justus genoem word, en Mattias. 24En die gelowiges het gebid: “Here, U wat die harte van almal ken, wys die een aan wat U uit hierdie twee verkies het 25om as apostel te dien in die plek wat Judas leeg gelaat het toe hy gegaan het na waar hy hoort.” 26Hulle het geloot, en die loting het vir Mattias aangewys. So is hy gekies as die twaalfde apostel.

Jesus se hemelvaart

‘n Besondere belangrike gebeure naas die opstanding, as ons Handelinge wil verstaan, is Jesus se hemelvaart waarvan ons in Hand 1 lees. Veral twee dinge is van belang. ***Eerstens*** dit gaan in die hemelvaart oor Jesus se troonsbestyging as die Here, Koning van hemel en aarde. Hand 2:[32,33]. Jesus sit nou aan die regterhand van God die Vader en regterhand beteken die regeerposisie, die ereposisie en die plek van intrede namens ons. Jesus regeer. ***Tweedens*** Sy regering word in die hemel aanvaar en gevier, maar op aarde ontken, geïgnoreer en teëgestaan. Sy regering op aarde lyk tans anders as wat ons sou verwag – Hy regeer nie met rou mag van bo-af nie maar met liefde van onderaf. En Hy doen dit veral deur Sy kerk se getuienis in die wêreld.

Maar waar is die hemel en hoe moet ons dit verstaan? Ons verstaan Jesus se hemelvaart verkeerd as ons daarmee verstaan dat Jesus ver weg is. Jesus is fisies, liggamlik weg, maar nie weg na ‘n ander planet elders in die heelal nie. Die misverstand, dat Jesus iewers op ‘n ander plek is, het te make met ons verkeerde verstaan van die hemel as ‘n plek iewers elders

op ‘n ander plek in die heelal. Nee die hemel is deel van ons werklikheid. Die hemel is die onsigbare deel van ons werklikheid. Die hemel is God se ruimte.

In ***Simply Jesus,*** ‘n ander van sy pragtige boeke, skryf Tom Wright: “In the Bible, ***“heaven”*** and ***“earth”*** overlap and interlock…” En dit ons kan dit op ‘n baie besondre manier sien ”…as the ancient Jews believed,…in the temple.” (p. 191) Hemel is die plek waar God volkome in beheer is. “Heaven is the place from which the world is run.” (p 195) En vir die Jode is dit juis daar in die tempel waar hemel en aarde mekaar oorvleuel. Soos in die tabernakel destyds waar God vanuit die allerheiligste met Moses gepraat het.

In sy boekie ***King Jesus Gospel*** skryf Scot McKnight dat die koninkryk in Jesus so naby gekom het dat as jy jou arm uitsteek kan jy dit dalk binne in die koninkryk insteek. In Jesus is dit so dat hemel en aarde oorvleuel of soos Tom Wright dit stel, hulle“overlap” en”interlock”. Volgens Wright is hierdie saak vir ons moeilik om te snap want ons leef eintlik met Plato se beeld van die hemel en die aarde en nie noodwendig die Bybelse beeld nie.

“… we are Platonists at heart, supposing that if there is a “heaven”, it must be non-physical, beyond the reach of space, time.”

Vir baie van ons is die “hemel” om weggeneem te word uit hierdie wêreld. Wright maak die punt dat die “overlap” en die die “interlock” op verskillende plekke en geleenthede gebeur. As die “hemel” daar is waar God is, dan vind hierdie oorvleueling en aansluiting plaas daar waar die teenwoordigheid van God ookal realiseer…die doop en nagmaal; gebed; die lees van die Bybel; waar twee of drie in sy Naam saam is; waar honger mense kos kry en arm mense versorg word, waar aan armes die evangelie verkondig word…

Wanneer Jesus dus met Sy verheerlikte liggam na die hemel opvaar beteken dit nie dat Hy weg weg is nie, of dat Hy ver is nie. Die hemel is baie naby ons, dit is rondom ons. Om dit te bevestig. Ons lees in Hand 1:[9] dat Jesus in ‘n wolk verdwyn het. In die Ou Testament is die wolk veral ‘n teken van God se teenwoordigheid. Die hemelvaart wil sê dat Jesus opgeneem in God se teenwoordigheid met Sy verheerlikte liggaam(dws ‘n liggaam wat in beide aardse en hemelse tuis is). En God se teenwoordigheid omring ons. Ons word juis uitegenooi om elke dag uit God se teenwoordigheid te lewe! Hy is nou hier by ons deur Sy Gees. Hy is dinamies aan die werk in ons, om ons, deur ons, vir ons en ten spyte van ons. Hy laat Sy koninkryk kom.
En soos die dissipels hoor ons die engel se stem: “***Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het***.”

Besin en oordink wat die Hemelvaart van Jesus vir jou beteken.
Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van vandag se Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in ‘n joernaal neerskryf.

Bid vir ons gemeente : Bid die onderstaande stadig en met die nodige aandag

Markus 12:[29] ‘Hoor, Israel, die Here ons God is die enigste Here. [30] Here, my God ek bid dat ek U sal liefhê met my hele hart en met my hele siel en met my hele verstand en met al my krag.’ [31] En verder dat ek my naaste sal liefhê soos myself.’ Ek bely Vader dat daar geen ander gebod is groter as dié twee nie.”

Matt 6: 9 “So moet julle bid: “Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word….
laat u koninkryk kom…
laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel….

Gee ons vandag ons daaglikse brood….
en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree….
en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose….
Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen
Spandeer tyd om die Heer te loof en te dank. Sluit af

25 JANUARIE HANDELINGE 2:1-13

Die uitstorting van die Heilige Gees

1Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. 2Skielik was daar ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. 3Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. 4Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. 5Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. 6Toe die mense die geluid hoor, het ’n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. 7Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. 8Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? 9Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, 11Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, 11Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.” 12Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog beteken?” 13Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk.”

Die Heilige Gees uitgestort op die pinksterfees

Die pinksterfees hou verband met verskeie sake: ***Die fees van die oes***. In die Griekse Bybel is die word vir pinkster ***“pentekoste”*** wat 50 beteken. Dit is op die vyftigste dag na die paasfees van die Jode. ***Die paasfees self*** het begin op die dag waarop die eerstelinggerf van die garsoes as offer na die priester gebring is en dan vyftig dae later was dit die 50ste dag of pinksterdag. Dan is daar weer ‘n offer gebring. Ons lees in Lev. 23: *15 “Van die dag ná die sabbat af, die dag waarop julle die are as beweegoffer vir die Here aanbied, moet julle sewe volle weke tel. 16 Die dag ná die sewende sabbat, **op die vyftigste dag**, moet julle vir die Here 'n graanoffer bring uit die pas geoeste graan. 17 Elke gesin moet twee brode vir 'n beweegoffer na die heiligdom toe bring. Dit moet van drie kilogram meel met suurdeeg gebak wees en is 'n gawe aan die Here uit die eerste opbrengs van die oes.* Daarna het die fees van die ongesuurde brood nog ses dae geduur (Eksodus 23:[15,16]; Deutr.16:[8]). Die fees van die oes hou dan verband met die betekenis dat die Gees, wat uitgestort is op die Pinksterdag dws die 50ste dag en die 3000 wat tot bekering gekom het, die eerste gawe is en van die volle oes wat sou volg.

Daar is ook ‘n tweede groot saak Op hierdie dag herdenk die Jode die formele begin van die bedeling van die wet. Hulle glo dat die bevryde Israeliete op die 50ste dag ná die viering van die pasga en hulle uittog uit Egipte by die berg Sinai aangekom het waar Moses die tien gebooie ontvang het (Ex. 19:[1-3]). Dit was vir só ‘n ortodokse pinksterfees dat Jode uit verskillende lande in Jerusalem bymekaar was op daardie besondere Sondagoggend toe die Heilige Gees uitgestort is, soos in Handelinge 2 beskryf.

NT Wright, in sy kommentaar op die boek Handelinge, beskryf dit baie mooi:

“…for the Jew, neither Passover nor Pentecost were simply agricultural festivals. These festivals awakened echoes of the great story, which dominated the long memories of the Jewish people, the story of the Exodus from Egypt, when God fulfilled his promises to Abraham by rescuing his people. Passover was the time when the lambs were sacrificed, and the Israelites were saved from the avenging angel who slew the firstborn of the Egyptians. Off went the Israelites that very night, and passed through the Red Sea into the Sinai desert. Then, 50 days after Passover, they came to Mount Sinai, where Moses received the law. Pentecost, the fiftieth day, isn’t (in other words) just about the ‘first fruits’; the sheaf that says the harvest has

begun. ***It's about God giving to his redeemed people the way of life by which they must now carry out his purposes.***

Op die Pinksterdag kom neem God Sy intrek in mense en rgeer Hy deur sy Gees!

Deur die loop van die geskiedenis het God al nader aan sy kinders beweeg. God het as't ware al nader aan ons getrek. Met die uitstorting van sy Gees het Hy sy laaste adres betrek. Kom ons kyk vlugtig na God se verskillende "aardse adresse":

Adres 1: Tuinwandelaar (Genesis 3:[8]) God se eerste aardse straatadres was die tuin. Daar het Hy in die namiddag saam met die eerste mensepaar gewandel. Hulle was die hoogtepunt van sy skepping. Daarom dat Hy so opgewonde was om saam met hulle te loop. Hoe jammer dat God se eerste mense nie vir altyd saam met Hom wou loop nie. Hulle wou eerder sy troon vir hulleself hê. God moes toe wegtrek uit sy eerste aardse adres.

Adres 2: Tentbewoner (Eksodus 33:[7-11]) Nadat God moes verhuis uit sy tuin, het Hy Homself by 'n tweede aardse adres bekendgemaak. Dit was in die tent van ontmoeting. Maar net Moses en Josua kon daar ingaan. By hierdie tweede adres kon mense heelwat meer aangaande God leer. Hulle kon ook hul versoeke aan Moses deurgee wat dit na God toe geneem het. Maar hulle kon nie direk met God praat nie. Net sy vriend, Moses, kon dit doen.

Adres 3: Tempelbewoner (1 Konings 8:[12]) God se derde adres op aarde is die tempel in Jerusalem. Hier het Hy Hom die langste gedurende die Ou-Testamentiese era bekend gemaak. Die tempel was verdeel in verskillende afdelings vanaf 'n voorhof vir nie-Jode tot en met die allerheiligste deel waar die hoëpriester slegs een keer per jaar kon ingaan om namens die volk se sondes versoening te doen. Hier by die tempel kon mense offers vir hul sondes bring en God se wil beter leer ken, maar die ongehoorsaamheid aan die kant van mense het veroorsaak dat God uiteindelik besluit het om te verhuis, soos wat een profeet na die ander aangekondig het. Maleagi het byvoorbeeld gesê dat die volk liefs maar die tempel se deur moes sluit omdat God glad nie meer opgewonde was oor die offers wat sy volk daar gebring het nie.

Adres 4: Jesus (Johannes 1:[14]) God se vierde adres hier op aarde is Jesus, soos wat ons gesien het. Letterlik skryf Johannes dat Jesus God se aardse tentwoning is. Die Here het kom tent opslaan tussen ons. In Jesus se nuwe verhoudings leer ons God nou ken as 'n God van liefde en ontferming. Ons sien Hom as die Here wat wil red eerder as om te straf. Jesus is ten volle God by ons, die God van liefde en omgee! Hy het die tentflappe oopgegooi sodat ons almal kan naderkom na God toe.

Adres 5: Tempels van die Gees (1 Korintiërs 6:[18-20]) God moes sy vierde adres verlaat omdat Jesus sy aardse roeping voltooi het. God se laaste aardse adres voor die wederkoms is die Heilige Gees. Hy is die Een wat die spasie kom vul wat Jesus gelaat het. Jesus se weggaan is egter die kerk se wins. Die Gees is nou God by ons, God in ons, God voor en onder en bo en agter ons! Die Gees is Jesus se weggaan-geskenk aan elke gelowige. Nou bly die Gees by elkeen wat Christus as die Here bely. Nou is ons sy lewende, bewegende, asemhalende, pratende, singende tempels! Van staties na dinamies dus, vanaf geboue van klip na geboue van vleis en bloed!

Die Gees omskep ons lewe tot tempels vir die Almagtige. Ons is sy aardse woon en werkplek. Die grootsheid hiervan behoort jou ook tot stilstand te ruk.

Gebed vir ons gemeente

- Dat die Here ons gemeente in 2012 sterker sal oprig as 'n biddende gemeente
- Dat Hy ons sal gebruik om Sy koninkryk in 2012 te help groei deur volhardende en kragtige gebedsintersessie.
- Dat ons nie sal moeg word om te volhard om te bid nie en dat ons met ywer gevul sal word om te bly bid

26 JANUARIE HANDELINGE 2:14-28

Petrus se toespraak op die pinksterdag

14Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees
spreek hy die mense toe: “Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle
verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: 15Hierdie mense is nie dronk soos julle
dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. 16Nee, hier gebeur wat God deur die
profeet Joël gesê het:
17Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle
seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal
drome droom. 18Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort,
en hulle sal as profete optree. 19Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde
gee: bloed en vuur en rookwolke. 20Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat
die groot en glorieryke dag van die Here kom. 21So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van
die Here aanroep, sal gered word.
22Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur
die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan
weet julle self. 23God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het
Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. 24Maar God het Hom van
die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood
onmoontlik om Hom gevange te hou. 25Van Hom sê Dawid: Ek het die Here altyd voor oë.
Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie. 26Daarom is my hart bly en my tong jubel,
ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe, 27want U sal my nie aan die doderyk
oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie. 28U het my die paaie van die
lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul.

Laat die Gees jou lewe met nuwe visie vul

Deur al die eeue is die kerk se pinkstergebed; Veni Spiritus Creator (Kom Skeppergees!). Kom Skeppergees, skep opnuut dring deur tot in ons binneste, open die geslote hart, versag wat hard is, besny wat onbesnede is, bring lewe waar dood was, maak goed wat sleg is, gewillig wat onwillig is en gehoorsaam wat ongehoorsaam is, beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, goeie vrugte kan dra (na die Dordtse Leerreëls).

Inderdaad kan ons vandag bid: Kom skepper Gees maak (weer) ons lewe nuut tot U eer. Hoekom? Omdat daar so ‘n diepe behoefte en gebrek aan vernuwing en kreatiwiteit is. Stephan Joubert in sy boek oor ***Jesus - ‘n Radikalse sprong na vandag to*** beskryf die behoefte baie sterk:

“Die kerk is sekerlik die een beweging (nee, die kerk is nie veronderstel om ‘n instelling te wees nie!) wat die mees rewolusionêre boodskap op aarde verkondig, maar wat dikwels op grondvlak met van die mees geykte, stagnante strukture denkbaar opgeskeep sit. Party gemeentes het vir jare lank dieselfde strukture, bestuurstelsels, ampte, programme, eredienste, byeenkomste en aksies in plek, al kwyn hulle weg. Maar verander? Nooit as te nimmer! Hulle sal boonop nog bepaalde “selfverdedigings-teologieë” ontwikkel om hulle krimpende getalle te regverdig.

Meestal word net bepaalde strukturele veranderings in kerke aangebring- ‘n paar eietydse hulpmiddels soos ‘n oorhoofse projektor, TV skerm en nuwe musiekinstrumente dalk, of nuwe erediensstyle wat in die naam van “vernuwing” in plek gestel word. Maar as ons ‘n tree of twee terugstaan en eerlik met onsself is, dan het daar nie oorverdowend baie rondom die algemene manier van kerkdoen oor die afgelope jare verander nie. Selfs daardie sake wat deurgaan as “vernuwing” en wat dikwels tot “aanbiddingsoorloë” in kerklike kringe aanleiding gee, het meestal met strukturele wysings te doen, met die “meganika” van kerkwees en nie met fundamentele aspekte nie. Is die rede hiervoor dalk te vinde in die “wollerigheid” van die term

“kerk”? Niemand minder nie as Maarten Luther het in een van sy bekende Tafelgesprekke gesê - die term “kerk” is ‘n blinde, onduidelike woord!

Daar is goeie nuus ook: baie geloofsgemeenskappe en geestelike leiers in millennium drie omhels Jesus se radikale boodskap (van die Koninkryk) op vars maniere. Daar is trouens ‘n verbysterende oplewing in die Christendom op ons eie kontinent aan die gang. Tans is daar sowat 360 miljoen Christene in Afrika, vanaf ‘n skamele 10 miljoen in 1900, en 313 miljoen Christene in Asië. Volgens die navorsing van Philip Jenkins (The next Christendom, 2002) sal daar in die jaar 2050 kort duskant 400 miljoen Christene alleenlik in die sub-Sahara gebiede van Afrika wees. In ‘n land soos Uganda, met ‘n geprojekteerde bevolking van 65 miljoen teen 2050, sal daar sowat 43 miljoen Christene wees.”

Wat maak die verskil? God se Gees! Hy is die belofte en werklikheid van ‘n nuwe môre en ‘nuwe drome”: *17Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom*. Die Gees laat ons drome droom en gesigte sien. Drome van 'n nuwe geboorte. Drome van Jesus se Koninkryk wat ‘n werklikheid word. Drome van ‘n nuwe bestel waar geregtigheid seevier en waar armoede opghef word en waar mense regtig omgee vir ander en waar mense nie uitgebuit word en mag misbruik word nie en waar heiligheid nagejaag word en God aanbid word in Gees en in waarheid… en waar ….waar drome nie 'n spel van romantiese ontsnapping word nie, maar waar drome ons lanseer na die stukkende wêreld, om Jesus te gaan wees vir die mense wat in nood en armoede lewe.

Eintlik het God bedoel dat die kerk in sy geheel vreemdelinge sal wees ... randeiers in die magspel, tuisteloos in die gek wêreld, mense wat hulle vereenselwig met die pyn van die gebrokenheid ... mense van die Kruis en mense van die Gees – maar juis daarom mense wat met verbeelding droom, visioene sien en profeteer ... meer nog mense wat onder die Gees se leiding gaan getuig en meewerk aan die nuwe wat God deur die Gees moontlik maak. Daarom vra ons elke dag” Kom, Skeppergees ... laat ons opnuut gebore word ... ter wille van God se wêreld wat Hy so liefgehad het dat Hy sy eie Seun gestuur het om daarvoor te sterf. En die nuwe te laat aanbreek.”

Besin en oordink wat die Heilige Gees deur jou wil doen. Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van vandag se Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in ‘n joernaal neerskryf.

Kniel by die kruis en bid oor die sake wat jy uit vandag se gedeelte gehoor het. Miskien moet jy belydenis doen, dinge laat staan en ander dinge weer anders begin doen. Miskien moet jy vergewe...Waarmee moet die Here jou help om meer en meer soos Jesus word?

Gebed vir die koms van die Gees ….Kom Skeppergees, skep opnuut, dring deur tot in ons binneste, open die geslote hart, versag wat hard is, besny wat onbesnede is, bring lewe waar dood was, maak goed wat sleg is, gewillig wat onwillig is en gehoorsaam wat ongehoorsaam is, beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, goeie vrugte kan dra

Gebed vir ons Gemeente: Bid dat die Here Sy wil en leiding aan ons sal openbaar maak op elke terrein van ons gemeente wees en ons dit sal sien en ervaar in die wyse waarop die Here se Naam verheerlik word. Daarom bid ons volgens Luk 4:18-19

- dat die Heilige Gees kragtig sal lei en werk in ons gemeente
- dat mense sal sal ervaar hoe geweldig groot God se genade is
- dat mense se vasgelooptheid, blindheid en gevangeniskap deurbreek sal word,
- dat mense tot bekering sal vernuwe
- dat lewens sal toeneem in geheiligde lewenswandel en
- dat ons getuienisse sal hoor van hoe kragtig God se genade in ons aan die werk is

27 JANUARIE HANDELINGE 2:29-47

29"Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe
en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. 30Maar hy was 'n profeet en hy het geweet
dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit.
31Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê:
Hy is nie aan die doderyk
oorgelaat nie,
en sy liggaam het nie
vergaan nie.
32God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. 33Hy is
verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader
ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. 34Dawid het nie na die hemel toe
opgevaar nie, en tog sê hy:
Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand
35totdat Ek jou vyande
aan jou onderwerp het.
36Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het,
Here en Christus gemaak!"

Die eerste bekeerdes

37By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels
gevra: "Wat moet ons doen, broers?"
38Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam
van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe, en sal julle die Heilige Gees as gawe
ontvang. 39Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir
almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."
40Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: "Laat julle red tussen
hierdie ontaarde mense uit."
41Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op
daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. 42Hulle het hulle heelhartig toegelê op die
leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die
gebede.

Die eerste gemeente

43Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.
44Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45Hulle het hulle grond en
besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 46Hulle het
almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike
maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, 47en God geprys. Die hele
volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente
gevoeg.

Wat 'n gemeente! Sleutelverse: Hand. 2:43-47

Die heel eerste gemeente in Jerusalem was 'n op en wakker gemeente waarvan die meerderheid lidmate toegewyde mense was wat die Here met hart en siel gedien het.

Lukas was so opgewonde oor wat in die Jerusalemgemeente gebeur het dat hy nie minder nie as drie maal vertel hoe toegewyd hulle was. In drie "opsommings", te wete Handelinge 2:[43-47]; 4:[32-37] en 5:[12-16], beskryf hy iets van die dinamika van hierdie eerste Christene. Hier in hoofstuk 2 vertel Lukas vir ons die volgende oor hulle:

• God het groot dinge deur die apostels in hulle midde laat gebeur.
• Al die gelowiges in Jerusalem was eensgesind. Hulle het nie met mekaar baklei of mekaar beskinder nie.
• Die gelowiges het selfs hulle besittings verkoop en die geld onder mekaar verdeel soos wat die armes in hulle geledere dit nodig gehad het.
• Hulle het dag na dag by die tempel bymekaargekom om te bid en die Here se Woord aan te hoor.
• Hulle het in kleiner groepe by verskillende huise in Jerusalem bymekaar gekom en saam 'n liefdesmaal gevier om hulle band met mekaar en met die opgestane Heiland te versterk.
• Die gelowiges was vol vreugde en blydskap. Selfs al was hulle baie arm, het dit hulle nie terneergedruk gemaak nie.
• Hulle het hulle nie aan uitspattighede skuldig gemaak nie, maar in eenvoud en soberheid gelewe.
• Hulle het God dag na dag geprys. Hulle harte was so vol dankbaarheid vir al die goeie dinge wat Hy aan hulle gegee het dat dit eenvoudig in dank en lofgebede uitgemond het.
• Die onderlinge liefde van die eerste Christene was hulle handtekening. Hulle het gedoen wat Jesus in Johannes 13 gesê het, naamlik dat ander die kerk aan hulle liefde moet uitken. Hierdie liefde het ander mense aangetrek sodat baie ongelowiges tot bekering gekom het.

Wat 'n gemeente was Jerusalem nie! Kom ons gaan leef ook die liefde so in ons kerk uit.

Die liefde van die Here verander my van 'n selfsugtige wese tot iemand met 'n hart en 'n oog vir my medemens.

Bid vir ons gemeente : Bid die onderstaande stadig en met die nodige aandag

Markus 12:[29] 'Hoor, Israel, die Here ons God is die enigste Here. [30] Here, my God ek bid dat ek U sal liefhê met my hele hart en met my hele siel en met my hele verstand en met al my krag.' [31] En verder dat ek my naaste sal liefhê soos myself.' Ek bely Vader dat daar geen ander gebod is groter as dié twee nie."

Matt 6: 9 "So moet julle bid: "Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word….
laat u koninkryk kom…
laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel….

Gee ons vandag ons daaglikse brood….
en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree….
en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose….
Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen

Bid ook vir die volgende
Vir 'n Kragtige 2012 jeugbediening waar ons jeug in hule getalle vermenigvuldig en kom getuig oor Jesus se genade in hulle lewens.
Dat ons jong volwassene bediening van krag tot krag sal gaan om enkellopendes en werkende jong mense te bedien.
Vir leiding vir ons gemeente leiers om met wysheid en insig vir 2012 te beplan.

Spandeer tyd om die Heer te loof en te dank. Sluit af

28 JANUARIE HANDELINGE 3:1-10

Die genesing van die verlamde man

1Een middag om drie-uur, die tyd van die gebed, was Petrus en Johannes op pad tempel toe. 2Net toe word daar ’n man aangedra wat van sy geboorte af lam was. Sy mense het hom elke dag by die tempelpoort wat Mooipoort genoem is, neergesit om by die tempelgangers te bedel. 3Toe hy vir Petrus en Johannes sien, net voor hulle in die tempel ingaan, het hy van hulle iets gevra. 4Petrus en Johannes kyk hom toe stip aan, en Petrus sê: “Kyk na ons.”

5Toe kyk die man na hulle in die hoop dat hy iets van hulle gaan kry. 6Maar Petrus sê: “Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!”

7Hy vat toe die man se regterhand en help hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. 8Hy het opgespring en regop gestaan, en hy kon loop. Daarna het hy saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy geloop en gespring en God geprys het. 9Al die mense het gesien dat hy loop en God prys; 10maar toe hulle besef dat dit hy is wat voor die tempel by die Mooipoort gesit en bedel het, was hulle baie verbaas en verwonder oor wat daar met hom gebeur het.

In Jesus Christus se Naam Handelinge 5:6

Waar kry die kerk die gesag vandaan om "in Jesus se Naam" op te tree en uitsprake te maak. Waar leef Jesus - die opgestane Reer? Waar vind ons God? Waar kan Christene en die kerk met dieselfde gesag praat as Petrus en die apostels wat vir 'n verlamde kon se dat hulle nie goud en silwer het nie, maar aan hom sou gee wat hulle wel het ... en dan staan die verlamde op ... nog beter: hy bokspring? Dit gebeur waar mense saam ‘n gemeenskap van gelwoiges is wat leef onder leiding van die Gees op die wyse soos Jesus dit aan hulle voorgeleef het.

Die teoloog J.H. Elliot het met 'n sosiaal-wetenskaplike benadering tot die Lukas-teologie 'n waardevolle bydrae gelewer om Handelinge beter te verstaan. Hy werk met twee sake te wete *Tempel* en *Huishouding*. Volgens hom was die ***tempel*** en die ***huishouding*** twee dominante gesagsinstellings ten tyde van die vroeë kerk. In die Lukas-geskrifte word die twee instellings gekontrasteer (spesifiek in Hand hoofstukke 3-7 is daar groot konflik met die tempel). Die ***tempel*** en die ***huishouding*** het nie slegs gefunksioneer as ruimtes vir aanbidding en woon nie, maar was omvattende sisteme wat die samelewing in terme van rolle, verhoudings en verantwoordelikhede georganiseer het. Volgens Elliot was dit *"two opposed types of social institutions and economic relations"*. Sy uiteindelike gevolgtrekking is dat Lukas aantoon dat "*only one ... **the household**, is capable of embodying socially, symbolically and ideologically the structures, values and goals of an inclusive gospel of universal salvation".*

Elliot bou sy argument op die feit dat die Lukas-Evangelie in die tempel begin (1:$^{5-23}$) en eindig (24:$^{50-53}$). Die Handelinge-verhaal, daarenteen, word omraam deur huishoudingtonele. Dit begin by die dissipels in die bovertrek van 'n huis (1: ^{13}) en sluit af met Paulus in 'n gevangenishuis - waar die evangelie vrymoedig en onverhinderd verkondig word (28: ^{30}). Lukas se teenstelling tussen die tempel en die huishouding vind Elliot ook terug in Lukas 18:$^{9-14}$ met die kontras tussen die gebed van die Fariseër (in die tempel, waar hy roem op grond van reinheid en heiligheid) en die houding van die tollenaar (wat ver weg bly staan en huis toe gaan as iemand wie se saak met God reg is).

In Handelinge se eerste agt hoofstukke verskuif die toneel voortdurend tussen die huis (waar gelowiges vergader, die brood breek, saam eet, die Gees ontvang en onderlinge mededeelsaamheid beoefen) en die tempel (as sentrum van politieke en godsdienstige beheer, waar mense aalmoese soek, toesprake maak, konflik en arrestasies ervaar, in die tronk gestop word, kritiek en dreigemente uitspreek en skaregeweld, slae en selfs moord aan die orde is). Die ***huishouding*** en die ***tempel*** is dus twee konflikterende gesagsinstellings met lojale ondersteunersgroepe wat hul groepsbelange verdedig. Volgens Elliot wys die Lukas-geskrifte uit dat die tempel "***an alienating form of collective, institutional life***" is terwyl die huishouding

"***a creative form of integrative group life***" weerspieël. Die een is 'n plek vir regeer en oorheersing en die ander 'n plek van getuienis van die opstanding - en volgens Lukas is dit die onderskeid tussen hulle wat die lewe neem en hulle wat lewe gee. Dit word duidelik in die verhaal van Stefanus wat daarvan aangekla word dat hy "dinge teen die heilige tempel sê" (6:13) en daarvoor sterf. Ook in die Paulus-vertellings word die tempel geteken as die plek van sameswerings, beplande moorde, stryd oor reinheid en politieke gekonkel.

Volgens hierdie perspektief vind daar in die Handelinge-verhaal ontwikkeling plaas. Aanvanklik het die apostels daagliks die tempel besoek, maar na Stefanus se dood breek grootskaalse vervolging uit en ***nou word huishoudings die basis van die Christelike lewe***. Die huishouding vervang dus die tempel as die sfeer van God se reddende teenwoordigheid. Die tempel as teken van hoop en die simboliese eenheid tussen God en sy volk (soos aan die begin van die Lukas-Evangelie) word nou ontmasker as 'n polities-ekonomiese mag wat teen God se mense en die regverdiges optree. Die belangrike gevolgtrekking is dat

"***The household ... the gathering place of the powerless and the marginalized, eventually emerges as the institution where God's Spirit is truly active and where familial relations, shared resources, and communal values concretize the vision of a salvation available to all the families of the earth."***

Anders gestel die hoop dat die wêreld sal glo en dat die ***kerk as geloofsgemeenskap*** geloofwaardig sal wees en sal bly, is verbind aan die (sosiale) waardes en gedrag van die lidmate en die wyse waarop hulle teenoor ander leef in navolging van Jesus. Dit is waar met gesag getuig word dat Jesus die enigste Naam is waarin ons gered kan word. Dit is waar die heil en heling en genesing plaasvind ... die plek waar verlamdes weer kan loop, al word geen goud en silwer uitgedeel nie. Dit is waar die kerk in die openbaar 'n bydrae kan maak om mense na Jesus, die Lewende, te help. Dit is ons hoop.

Bid vir ons gemeente : Bid die onderstaande stadig en met die nodige aandag
Markus 12:[29] 'Hoor, Israel, die Here ons God is die enigste Here. [30] Here, my God ek bid dat ek U sal liefhê met my hele hart en met my hele siel en met my hele verstand en met al my krag.' [31] En verder dat ek my naaste sal liefhê soos myself.' Ek bely Vader dat daar geen ander gebod is groter as dié twee nie."

Matt 6: 9 "So moet julle bid: "Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word….
laat u koninkryk kom…
laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel….
Gee ons vandag ons daaglikse brood….
en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree….
en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose….
Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen

Bid ook vir die volgende:
Vir ons kerkraad en die ander leiers(selgroepe, jeug, gebed, ouers)

- bid ons vir wysheid en onderskeidingsvermoë
- bid ons dat elke leier die wil van God vir sy/haar lewens duidelik sal ken en doen.
- bid ons dat hulle tyd by God se voete sal deurbring en dat die Heilige Gees die Woord vir die leiers sal opbreek.
- bid ons dat daar 'n Goddelike band van christelike liefde en eenheid tussen mekaar sal wees.
- bid ons dat God se visie vir ons gemeente, "Meer en meer soos Jesus" in die harte van die leiers sal leef en dat hulle een van hart en een van sin sal wees.
- bid ons dat God self die leraar en ander leiers sal toerus vir hulle taak.
- bid ons dat die leraar en leiers nederig sal wees en hulle lewens rein en heilig.
- bid ons vir die nodige lewensmiddele en finansies.
- bid ons vir geestelike groei in hul verhouding met God.

29 JANUARIE HANDELINGE 3:11-26

Petrus se toespraak in die Pilaargang van Salomo

11Die man het vir Petrus en Johannes bly volg, en die mense wat almal uiters verbaas was, het na hulle toe gestroom in die Pilaargang van Salomo, soos dit genoem is. 12Toe Petrus dit sien, het hy hulle toegespreek:

"Israeliete, hoekom is julle hieroor verbaas? Wat staar julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of vroomheid gemaak het dat hierdie man loop? 13Die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, die God van ons voorvaders, het aan Jesus, sy Dienaar, Goddelike eer gegee – aan Hom vir wie júlle uitgelewer en voor Pilatus verwerp het toe hy beslis het dat Hy vrygelaat moes word. 14Hy was heilig en opreg, maar júlle het Hom verwerp en gevra dat daar vir julle 'n moordenaar begenadig moet word. 15So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuies. 16Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal.

17"Nou weet ek, broers, dat julle net soos julle leiers in onkunde gehandel het. 18Tog het God reeds vroeër by monde van al die profete aangekondig dat die Christus sou ly. So het Hy dit nou laat gebeur. 19Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis. 20En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is. 21Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. Dit het God reeds lank gelede deur sy heilige profete gesê. 22Moses het immers gesê: 'Die Here julle God sal uit julle eie geledere vir julle 'n Profeet soos ek laat voortkom. Gehoorsaam Hom in alles wat Hy vir julle sal sê. 23Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van die volk afgesny word.' 24En al die profete van Samuel af en daarna, almal wat opgetree het, het ook aangekondig wat in hierdie tyd gebeur. 25Die dinge waarvan die profete gepraat het, is vir julle bedoel, en julle het deel aan die verbond wat God met julle voorvaders gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: 'Jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot 'n seën wees.' 26Daarom het God sy Dienaar na die wêreld toe laat kom en Hom heel eerste na julle toe gestuur om vir julle tot 'n seën te wees deur elkeen van julle van sy verkeerde paaie af terug te bring."

Nie Bekoring nie maar Bekering is nodig

Hoe reageer ons op die opstandingsevangelie? Alle mense reageer op die een of ander wyse op Jesus se opstanding en die manifestasie daarvan.

- Een moontlike reaksie is die van ***onkunde***: Petrus wys sy gehoor daarop dat onkunde gemaak het dat die Lewensvors gekruisig is: (15So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuies…17"Nou weet ek, broers, dat julle net soos julle leiers in onkunde gehandel het.). Net so reageer mense met onkunde op die opstanding en die nuwe lewensmoontlikhede wat daaruit spruit. Die volgende gedig is baie mooi demonstrasie van hierdie reaksie:

"When Jesus came to Golgotha, They hanged Him on a tree.
They drove great nails through hands and feet,
And made their Calvary.
They crowned him with a crown of thorns;
Red were his wounds and deep.
For those were crude and cruel days,
And human flesh was cheap.

"When Jesus came to Birmingham,
They simply passed Him by;
They never hurt a hair of Him;

They only let Him die.
For men had grown more tender;
They would not cause Him pain.
They only passed Him down the street,
And left Him in the rain.

"Still Jesus cried: 'Forgive them
For they know not what they do!'
And still it rained a winter rain,
That drenched Him through and through.
The crowds went home and left the streets
Without a soul to see,
And Jesus crouched against a wall,
And cried for Calvary."

Let op dat onkunde nie altyd antagonisties is en tot uiterlike verwerping lei nie. Onkunde het ook 'n baie ordentlike, beskaafde kant ... hoflike ignorering. Dit is nie noodwendig "slegte" mense wat so reageer nie; ook godsdienstige mense word soms koud gelaat ... staan neutraal ... teenoor die Paasevangelie.

• ‘n Tweede tipiese reaksie op die Opstandingsevangelie naamlik ***bekoring***!
Die merkwaardige verskynsel van die opstandingskrag kan as *bekoorlik* beskou word. Dit is immers opspraakwekkend en het oorvertelwaarde. Wanneer die opstanding sigbare resultate lewer, gryp dit die verbeelding aan - hiervan is daar baie voorbeelde in die kerk. 'n Jeugkamp, 'n seminaar, 'n aangrypende erediens of preek, 'n getuienis van bevryding is geleenthede wat bekoor; mense kom kyk en vind dit vermaaklik. Maar dit kan 'n oppervlakkige reaksie wees. Die bekoring hou net so lank as wat die byeenkoms duur. Bekoring is 'n kosmetiese reaksie wat mense geleentheid-Christene laat bly ... kom-kykers wat vra om vermaak te word, wat emosioneel meegesleur word, maar die insig- en wilsvlakke bly onaangeraak. Bekoring is om gefassineer te wees met die mooiheid van 'n saak ... om die moontlike byvoordeel wat dit vir jou inhou, sonder dat dit hartgrondig nuwe lewensrigting en -kwaliteit gee. Ons ken almal sulke situasie. Die bekendste is dalk die reaksie wat 'n mens dikwels op evangelisasie-veldtogte en ander uitreik-aksies sien. In die tipiese volkskerk kry 'n mens byvoorbeeld ouers wat dit as belangrik beskou dat hul kinders kategese en kampe bywoon, in kerkkore sing, of by die doop, nagmaal of ander mooi kerkgeleentheid in die kerk moet wees ... maar dit is niks meer as 'n behoefte tot bekoring nie.

• Maar daar is ‘n derde respons te wete ***bekering***. Die juiste reaksie op die Paasboodskap is nie bekoring nie, maar bekering. Dit is 'n reaksie wat die emosie, wil en verstand raak ... wat eg is en in die hart grond. Vir sommige beteken bekering ***'n radikale breek*** met die oue; vir ander is dit net nodig om ***'n verstelling te maak***. Bekering beteken egter dat 'n publieke getuienis die opstandingslewe "in die Naam van Jesus" in woord (profeties) en daad (genesend) voortplant. Ons dade sal wys of die opstanding by ons bekoring of bekering wek!

1. NEEM MY LEWE, LAAT DIT, HEER, U GEWY WEES MEER EN MEER; LAAT MY HART GEDURIG JUIG EN VAN DANKBAARHEID GETUIG! 2. NEEM MY HANDE, MAAK HUL STERK! LAAT U LIEFD' MY DRING TOT WERK! NEEM MY VOETE, SKOEI HUL HEER MET BEREIDHEID TOT U EER! 3. NEEM MY STEM EN LAAT MY SING, U, MY KONING, HULDE BRING! LAAT MY MOND, DEUR U GENA, STEEDS DIE BLYE BOODSKAP DRA!	4. NEEM MY GOUD EN SILWER, HEER. NIKS NOEM EK MY EIE MEER; MY VERSTAND EN KENNIS MOET SLEGS U WERK OP AARD' BESPOED! 5. NEEM MY WIL, SO SWAK VAN DAAD, NEIG DIT NA U WYSE RAAD; NEEM MY HART, VIR U TOT TROON, WIL GEDURIG DAARIN WOON! 6. NEEM MY LIEFDE; HOE GERING, AL SY SKATTE WIL EK BRING; NEEM MYSELF; MY ALLES SY, HEER, VIR EWIG U GEWY!

30 JANUARIE HANDELINGE 4:1-22

Petrus en Johannes voor die Joodse Raad

1Petrus en Johannes was nog besig om met die mense te praat toe die priesters, die
bevelvoerder van die tempelwag en die Sadduseërs op Petrus-hulle afstorm. 2Die priesters en
die ander was onthuts omdat die apostels die mense geleer het en verkondig het dat die
opstanding uit die dood deur Jesus se opstanding 'n werklikheid geword het. 3Hulle het Petrus
en Johannes gevange geneem, en hulle, omdat dit al laat was, in die tronk gesit tot die
volgende môre. 4Tog het baie van die mense wat hulle prediking gehoor het, gelowig geword;
en die getal gelowiges het aangegroei tot omtrent vyf duisend.

5Die volgende môre het die raadslede, die familiehoofde en die skrifgeleerdes in Jerusalem
vergader. 6Ook die hoëpriester Annas, en Kajafas, Johannes, Aleksander en al die ander lede
van die hoëpriesterlike familie was teenwoordig. 7Hulle het die apostels voor hulle laat bring en
hulle ondervra: "Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?"

8Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê: "Raadslede van die volk, en
familiehoofde, 9julle verhoor ons vandag oor 'n weldaad aan 'n siek man en oor hoe hy gesond
gemaak is. 10Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus
Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan – dié Jesus vir wie julle gekruisig
het, maar wat God uit die dood opgewek het. 11Hy is

die klip wat deur julle, die bouers, afgekeur is.
Juis Hy het die belangrikste klip
in die gebou geword.

12Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan
die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."

13Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want
die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook
herken as volgelinge van Jesus. 14En toe hulle nog boonop die gesonde man by die apostels
sien staan, kon hulle niks teen hulle inbring nie. 15Die raadslede het hulle toe beveel om die
raadsaal te verlaat en het die saak met mekaar bespreek.

16"Wat gaan ons met hierdie mense maak?" het hulle gevra. "Dat 'n onmiskenbare wonder
deur hulle plaasgevind het, is vir al die inwoners van Jerusalem duidelik. Ons kan dit nie ontken
nie. 17Maar om te voorkom dat hierdie dinge nog verder onder die volk versprei, moet ons hulle
met dreigemente verbied om weer in die Naam van Jesus met iemand te praat."

18Daarna het die Raad die apostels weer laat inkom en hulle beveel om glad nie verder in die
Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie. 19Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê:
"Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan
God. 20Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."

21Nadat die Raad die apostels daarby nog ernstig gedreig het, het hulle hulle losgelaat. Hulle
het dit gedoen omdat hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie en vanweë die houding van
die volk, want al die mense het God geprys oor wat daar gebeur het. 22Die man wat deur
hierdie wonder gesond geword het, was immers al oor die veertig.

Die groot name versus die Groot Naam

Terwyl Petrus nog besig was om met die mense te praat,gebeur daar skielik 'n klompie dinge:

- Die apostels word gevange geneem (4:[1-4])
- Die apostels verskyn na 'n nag in die tronk voor die Joodse Raad (4:[5-12])
- Die Joodse Raad besluit hoe om teen die apostels op te tree (4:[13-17])
- Die apostels word ernstig gewaarsku en ontslaan (4:[18-22])

Die godsdienstige leiers was glad nie beïndruk dat Petrus op hulle eie voorstoep beskuldigings teen hulle kom maak en boonop allerhande “vreemde” leerstellings verkondig nie.

As jy in ‘n bestuurspos is, of as jy al iewers leiding moes neem, weet jy baie goed wat ‘n gevaarlike ding mag is. Petrus moes ook ervaar hoe dit is om met die “base van die Jode” swaarde te kruis. Sy opspraakwekkende toespraak in die tempel het dadelik hulle aandag getrek. Hulle het dadelik die tempelwag gestuur om vir Petrus en Johannes te arresteer.

Die Joodse Raad was die hoogste godsdienstige en regsprekende liggaam in Israel. Dit het direk onder die beheer van die priesterlike families gestaan met die hoëpriester as voorsitter van ‘n groep van sewentig lede. Dit was genoeg om enige Israeliet bang te maak.

Petrus was egter nou nie meer bang nie,want hy was vol van die Heilige Gees. Sonder om te huiwer plaas hy die blaam vir Jesus se dood vierkantig op hulle skouers. Hy voeg ook by dat Jesus uit die dood opgewek is en dat Hy steeds voortgaan met Sy “reddingswerk.” As bewys daarvan het Petrus ook nog die lam man wat genees is, saamgebring.

Nou was die magtige manne op die Raad in die moeilikheid. Hulle kon met hulle eie oë sien dat iets onverklaarbaar aan die gebeur was. Dit is toe dat hulle maar hulle mags-posisie gebruik om vir Petrus te beveel om nie meer in die Naam van Jesus te preek nie. In regsterme sou ons hier kon praat van die saak op die rol in Jerusalem, tussen **die groot name versus die Groot Naam**.

Maar weereens was die krag van die Heilige Gees sterker as die intimiderende optrede van die Raad. Petrus sê eenvoudig vir hulle dat hy meer gehoorsaam is aan God as aan hulle en dat hy nie kan stilbly oor wat hy gehoor en gesien het nie.

Kan jy jou indink hoe magteloos die Joodse Raad was, want almal in Jerusalem was in ekstase oor die genesing van die verlamde man. Hulle was toe maar verplig om die apostels te laat gaan.Wanneer die Gees mense se lewens beheer, kan jy nie stilbly oor Jesus nie!! Dan word jy nie eers deur die magtiges van die wêreld geïntimideer nie, want jou eerste en enigste lojaliteit is aan Jesus self.

Ek is meer gehoorsaam aan God as aan mense.

Besin en oordink wat Petrus se Woord vir jou beteken: 19Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: “Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. 20Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie.” Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van vandag se Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in ‘n joernaal neerskryf.

Bid vir ons gemeente : Bid die onderstaande stadig en met die nodige aandag
Markus 12:[29] ‘Hoor, Israel, die Here ons God is die enigste Here. [30] Here, my God ek bid dat ek U sal liefhê met my hele hart en met my hele siel en met my hele verstand en met al my krag.’ [31] En verder dat ek my naaste sal liefhê soos myself.’ Ek bely Vader dat daar geen ander gebod is groter as dié twee nie.”

Bid ook die volgende: Rondom die selgroep- en gebedsbediening

- Bid ons die Here se seën op die beplanning en implimentering van alles rus
- Bid ons dat hierdie twee bedienings vir 2012 twee pilare by uitnemendheid sal wees om mense te bereik, te betrek, te begelei na Jesus te bemagtig en te bemoedig om weer ander te bereik tot eer God.

31 JANUARIE HANDELINGE 4:23-30

Die gebed van die gelowiges

23Nadat Petrus en Johannes losgelaat is, het hulle na hulle medegelowiges toe gegaan en vir hulle vertel wat die priesterhoofde en die familiehoofde alles vir hulle gesê het. 24Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê: “Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het. 25En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê:

Waarom het heidennasies
te kere gegaan,
en het volke sinlose planne
beraam?
26Die konings van die aarde
het in opstand gekom,
en die heersers het saamgespan
teen die Here en teen sy Gesalfde.

27Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is, 28en hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en besluit het.

29“En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. 30Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.”

31Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.

Om die vrymoedigheid te behou Sleutelverse: Hand. 4:23-24, 29-30

Wanneer die Heilige Gees in mense werk, ontvang hulle 'n vrymoedigheid waarvan hulle self getuig: "Hierdie vrymoedigheid en durf, hierdie nuwe styl kom van God alleen."

Die apostels sou hiervan kon getuig. Sedert sy vervulling met die Heilige Gees was Petrus, om maar een voorbeeld te noem, een van die kragtigste getuies onder die gelowiges. Hy het die gawe van vrymoedigheid van die Heilige Gees ontvang.

Deur in die harte van die raadslede te werk om die apostels aan te val, wou die duiwel verseker dat hierdie manne hul vrymoedigheid verloor en dat die stem van die evangelie - ja, die stem van God wat deur sy kinders hoorbaar word - stil word. En dit wil voorkom asof die eerste gemeente verstaan het wat die bose besig was om van Petrus en Johannes te probeer steel. Toe Petrus en Johannes vir hul medegelowiges vertel wat die priesterhoofde en familiehoofde alles vir hulle gesê het, het hulle dadelik 'n saak van gebed daarvan gemaak (Hand. 4:23-24).

Uit hierdie optrede lei ons af:

- dat wanneer daar oproer en liefdelose kritiek losbars rondom die verkondiging van die evangelie, die aanval nie soseer teen die verkondigers van die evangelie gerig is nie, maar *"teen die Here en teen sy Messias"* (Hand. 4:[26]);
- dat die verkondiging van die evangelie, die genesing deur die hand van God en die verheerliking van die Naam van Jesus Christus juis onder sulke omstandighede moet voortgaan (Hand. 4:[30]);
- dat mense nie rondhardloop en allerhande planne probeer beraam nie maar jy die aangesig van God soek langs ‘n weg van gebed(4:[23-24])

Direk na hierdie gebed word almal weereens vervul met die krag van die Heilige Gees en met die vrymoedigheid om die woord van God te verkondig. Hulle ontvang die krag wat hulle verloor het, terug (Hand. 4:[31]).

Die evangelie word op baie maniere en deur baie gelowiges verkondig: deur koorsang en gospelmusiek, deur evangeliese drama en kinderbediening, van die kansel af en by wyksbyeenkomste, deur godsdienstige publikasies en persoonlike getuienis, deur geleerde en ongeleerde mense; deur teoloe en Geesvervulde gelowiges. Gawes, bedieninge, styl en die manier van aanbieding verskil vanselfsprekend. Die vrymoedigheid wat nodig is om die evangelie sy loop te laat neem kan 'n groot knou kry wanneer die bose mense gebruik om openlik vyandig teenoor die verkondigers van die evangelie te velde te trek. Erger nog: Vrymoedigheid kan uitgeblus word wanneer gelowiges eerlike pogings van medegelowiges om die evangelie te verkondig "met die beste bedoelings ter wereld" aan vernietigende kritiek onderwerp.

Laat ons eers bid voordat ons kritiseer. En wanneer ons vrymoedigheid as gevolg van bespotting, kritiek of dreigemente verdwyn - laat ons bid om dit terug te vind. Die een ding wat die duiwel van ons wil wegneem, is ons vrymoedigheid. Wie dit verloor, ontruim die staanplek vanwaar hy of sy die Naam van Jesus Christus bely en verheerlik.

Besin en oordink

Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van hierdie Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in ‘n joernaal neerskryf.

Kniel by die kruis en bid oor die sake wat jy uit vandag se gedeelte gehoor het. Miskien moet jy belydenis doen, dinge laat staan en ander dinge weer anders begin doen. Miskien moet jy vergewe...Waarmee moet die Here jou help om meer en meer soos Jesus word?

Bid vir ons gemeente oor die volgende sake:

- **Vir ons Gemeente se 6-Jarige bestaansviering op 10 Februarie 2012**
  Bid dat ons die Here se salwing sal ervaar en dat 10 Februarie 2012 ‘n besondere 6 jarige viering sal wees. Bid ook vir die gasprediker Dr Braam Hanekom wat die feesrede sal hanteer

L.I.G. – Huis gebed: Here Jesus ek bid vir die volgende persone wat U op my hart gelê het. Ek noem hulle by name…....

1._____2. _____
3._____4. _____
5._____

Ek bid dat U hulle sal seën met gesondheid, in hulle werk, in hulle emosies, sosiale verhoudings en dat hulle op geestelike vlak U sal ken, seker van hulle redding sal wees, U sal liefhê en meer en meer soos U word.

Vader ons vra Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. ‘[30]Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus’ in ons gemeente en VAE gemeenskap.
Bid dat die Here ons veilge mense sal maak vir ander met veilige monde oor ander.

1 FEBRUARIE HANDELINGE 4:32-37

Onderlinge mededeelsaamheid

32Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. 33Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal. 34Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring 35en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

36Josef 'n Leviet wat op Siprus gebore is en wat deur die apostels Barnabas genoem is – dit beteken iemand wat mense moed inpraat – 37het ook die grond wat hy gehad het, verkoop en die geld gebring en dit vir die apostels gegee.

Lees ook Handelinge 5: 12Deur die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind. En al die gelowiges het gereeld saamgekom in die Pilaargang van Salomo, 13maar van die ander mense het niemand dit gewaag om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag. 14Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg. 15Die mense het selfs siekes op straat uitgedra en hulle daar op draagbare en beddens neergesit sodat, as Petrus daar verbygaan, al is dit maar net sy skaduwee op party van hulle kon val. 16Daar het ook baie mense van die dorpe in die omgewing van Jerusalem af gekom en siekes gebring en mense wat onder bose geeste gely het. Hulle is almal gesond gemaak.

Drome word waar Sleutelverse: Hand. 4:32-37

Net soos ons het die mense in die Bybelse tyd allerlei drome oor hulleself en hulle wêreld gedroom. Baie van die drome en ideale het behoue gebly in geskrifte uit daardie tyd. Twee daarvan is vir vandag se oordenking belangrik.

Die eerste droom is lank voor die geboorte van Christus reeds in die Griekse en Romeinse wêreld gedroom. Plato, een van die grootste geleerdes van die antieke wêreld, het hierdie droom vir die mensdom in een van sy boeke, **"Die Republiek"**, uitgespel. Daarin vertel hy onder andere dat die ideale situasie op aarde, oftewel die sogenaamde ***"Goue Tydvak"***, sal aanbreek wanneer alle mense in 'n broederskap met mekaar begin saamleef en al hulle besittings met mekaar deel. Aristoteles en ander filosowe het daarby aangesluit deur te sê dat mense al hulle besittings gemeenskaplik moes besit sodat daar harmonie op aarde kon wees.

'n Tweede droom kom uit die Ou Testament. Dit is die droom van 'n volk wat aan God gehoorsaam sal wees. In Deuteronomium 15:[45] lees ons:

"As jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie, want die Here sal jou baie voorspoedig maak in die land wat Hy jou gee om as jou eie te besit."

Die Grieke en Romeine het gedroom van die dag wanneer mense in harmonie met mekaar saamleef en hulle besittings met mekaar deel. Die Israeliete het gedroom van die dag dat al die armes uit hulle midde verwyder sou wees wanneer die Here se seëninge oor hulle uitgestort word.

As iemand met sy voete in albei wêrelde het Lukas beide hierdie drome goed geken. Wie weet, dalk het hy dit ook vroeër saam gedroom. Tot op die dag toe God se Gees uitgestort is. Toe het hierdie droom vir meer as drie duisend mense in Jerusalem waar geword. Dit is hulle wat tot bekering gekom het en met die Gees vervul is.

Die Jerusalemgemeente was so vol van God se liefde vir mekaar dat hulle nie anders kon as om hulle besittings met mekaar te deel nie. Die liefde van Christus dring jou om jou hand in jou sak te steek om ander te help wat swaarkry.

Drome word waar in diegene se lewe waar die Gees werk. Dit maak dat jy ander gelowiges as jou broers en susters begin raaksien en dat jy hulle met jou besittings, jou tyd en jou kragte begin dien.

Besin en oordink wat die volgende vers vir jou beteken: 32Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.

Vra die Here om deur Sy Gees, jou, oor die diepgang van vandag se Woord te lei. As jy klaar is probeer jou ervaring en gewaarwordinge in ‘n joernaal neerskryf.

Bid vir ons gemeente : Bid die onderstaande stadig en met die nodige aandag
Markus 12:[29] ‘Hoor, Israel, die Here ons God is die enigste Here. [30] Here, my God ek bid dat ek U sal liefhê met my hele hart en met my hele siel en met my hele verstand en met al my krag.’ [31] En verder dat ek my naaste sal liefhê soos myself.’ Ek bely Vader dat daar geen ander gebod is groter as dié twee nie.”
Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen

Bid ook die volgende: Bid dat die Here ons oë sal oopmaak vir die armes en behoeftiges rondom ons en dat ons ‘n Goddelike deernis vir hulle sal kry. Vra dat Hy jou sal wys dat elkeen ‘n mens is wat deur Hom geskep is. Ons word meestal so oorweldig deur die behoeftes van die miljoene arm mense en die verwoesting of hongersnood wat ons op die televisie en in die ander media sien. Die maklike uitweg is om dit bloot te ignoreer en onsself toe te laat om apaties teenoor die nood te staan. Bid dat die Here ons harte sal aanraak sodat ons duidelik sal weet wat Hy van ons verwag om te doen.

2 FEBRUARIE HANDELINGE 5:1-16

Ananias en Saffira

1Maar daar was ook ’n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira, wat ’n eiendom verkoop het.
2Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprys vir hulleself agtergehou en net ’n gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee. 3Petrus sê toe vir hom: “Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou? 4Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God.”
5Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval; en al die ander wat dit gehoor het, het baie bang geword. 6’n Paar van die jonges het nader gekom, hom toegedraai en gaan begrawe.
7Omtrent drie uur later het sy vrou daar aangekom, onbewus van wat gebeur het. 8Petrus vra toe vir haar: “Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop?”
“Ja,” sê sy, “vir soveel.”
9Toe sê Petrus vir haar: “Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra.”
10Sy het onmiddellik voor Petrus dood neergeval. Die jongmanne het ingekom, gesien sy is dood, en haar by haar man gaan begrawe.
11Die hele gemeente en al die ander mense wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.

Baie tekens en wonders

12Deur die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind. En al die gelowiges het gereeld saamgekom in die Pilaargang van Salomo, 13maar van die ander mense het niemand dit gewaag om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag. 14Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg.
15Die mense het selfs siekes op straat uitgedra en hulle daar op draagbare en beddens neergesit sodat, as Petrus daar verbygaan, al is dit maar net sy skaduwee op party van hulle kon val. 16Daar het ook baie mense van die dorpe in die omgewing van Jerusalem af gekom en siekes gebring en mense wat onder bose geeste gely het. Hulle is almal gesond gemaak.

Skynheiligheid **Sleutelverse: Hand. 5:1-11**

Dit is ’n moeilike verhaal, dié van Ananias en Saffira. Iemand het geskryf dat hierdie episode nie regtig plaasgevind het nie, maar dat Lukas dit as ’n tipe gelykenis neerskryf om ’n belangrike morele les aan sy lesers oor te dra.

Ons moet erken dat die res van die Nuwe Testament nie eintlik sulke drastiese, onmiddellike straf op sonde ken of beskryf nie. Die Nuwe Testament vertel deurgaans van ’n vergewende God, van Hom wat ’n tweede myl agter sy wegloopkinders aanstap en wat aan sondaars ’n tweede kans gun. Lees weer in Lukas 15 hieroor.

Ek dink nie Handelinge 5 staan heeltemal in kontras met die Nuwe Testament se boodskap van vergifnis nie. Ananias en Saffira is darem die geleentheid gebied om hulle oortreding te bely, maar hulle wou nie. Hulle wou die indruk skep dat hulle vroom gelowiges is wat al die geld wat hulle vir hulle grond gekry het, aan die gemeente gegee het, terwyl hulle ’n deel vir hulleself teruggehou het. Petrus wys hulle daarop dat hulle glad nie verplig was om al die geld vir die kerk te gee nie. Dit was hulle geld waarmee hulle kon doen wat hulle wou.

Skynheiligheid is al van vroeg af ’n groot probleem in die kerk. God hou egter niks daarvan nie. Hy wil dit met wortel en tak uitroei. Daarom moes Ananias en Saffira die hoogste prys betaal. Hulle was soos onkruid wat tussen die koring gegroei het, of soos slegte suurdeeg wat binnekort almal rondom hulle sou deursuur. Maar God het dit verhinder.

In ons dag gaan mense heel gemaklik met sonde om. Ons verdra en verduur ander mense in die kerk se “swakhede” heel gerieflik. Is dit nie dalk die rede hoekom die kerk lyk soos dit tans lyk nie? Ons het geen krag of fut meer oor nie. Ons laat growwe sondes maar oogluikend toe. Lukas wil ons leer dat God nie sonde duld nie. Dit bedroef en vertoorn Hom. Ons moet daarom optree wanneer ons sien dat kerkmense in die sonde volhard. Ons is God se ambassadeurs hier op aarde. Ons moet sy goeie Naam help beskerm.

Sonde wat geduld word, is soos ’n suurdeeg. Later deursuur dit die hele kerk. Ons moet daarom in die Naam van die Here weerstand teen die sonde bied.

Gebed vir toewyding, gehoorsaamheid, verdieping en volharding
God wat vrede gee, maak ons volkome toegewyd aan U, en bewaar ons sodat ons geheel en al, na gees, siel en liggaam, onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! Ons weet U sal dit doen, want U wat ons roep, is getrou. (1 Tess.5:$^{23-25}$)

Vader, maak ons waardig vir die lewe waartoe U ons geroep het, en mag U deur U krag ons liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak. Mag die Naam van ons Here Jesus Christus daardeur verheerlik word. (2 Tess.1:$^{11-12}$) Ons bid ook dat die gemeenskap wat ons deur die geloof met ander gelowiges het, ons ’n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen. (Filemon 1:6)

Mag U Woord vinnig versprei en oral in ere gehou word. Verlos ons van verkeerde en slegte mense wat die evangelie teenstaan. U is getrou. Versterk en bewaar ons van die Bose. Help ons om ons gedagtes te rig op die liefde van God en die volharding van Christus! (2 Tess.3:$^{1-5}$)

Mag daar vir ons genade en vrede in oorvloed wees deur ons kennis van God en van Jesus ons Here. U Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en U te dien. U het ons geroep deur U heerlikheid en mag en ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk, soos wat U belowe het. Omdat ons deel gekry het aan die Goddelike natuur, kan ons die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is. (2 Pet.1:$^{2-4}$)

U alleen is magtig om ons van struikeling te bewaar en ons onbevlek en met vreugde U heerlikheid te laat aanskou. Aan U, die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan U behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen. (Jud.24-25)

3 FEBRUARIE HANDELINGE 5:17-42

Die vervolging van die apostels

17Die hoëpriester en al sy ondersteuners, wat aan die party van die Sadduseërs behoort het, is met afguns vervul en het besluit om in te gryp. 18Hulle het die apostels oop en bloot laat vang en in die tronk gestop. 19Maar ’n engel van die Here het in die nag die tronkdeure oopgemaak, die apostels uitgelei en vir hulle gesê: 20“Gaan staan in die tempel en verkondig aan die volk die volle boodskap van hierdie nuwe lewe.”

21Hulle het gehoor gegee en die môre vroeg na die tempel toe gegaan en die mense geleer.

Intussen het die hoëpriester en sy ondersteuners die leiers van Israel vir ’n volle vergadering van die Joodse Raad bymekaargeroep en wagte na die tronk toe gestuur om die apostels te gaan haal.

22Maar toe die wagte daar kom, het hulle hulle nie in die tronk gekry nie. Hulle het teruggekom en vertel: 23“Ons het die tronk behoorlik toegesluit gekry en die bewaarders op hulle pos voor die deure; maar toe ons oopmaak en ingaan, was daar niemand nie.”

24Toe die bevelvoerder van die tempelwag en die priesterhoofde dit hoor, was hulle uit die veld geslaan en hulle het gewonder wat van die apostels geword het. 25Net toe kom daar iemand en sê vir hulle: “Weet julle, die mans vir wie julle in die tronk gesit het, staan daar in die tempel en leer die volk!”

26Toe het die bevelvoerder en die wagte die apostels gaan haal, maar sonder geweld, omdat hulle bang was die volk steek hulle onder die klippe. 27Hulle het hulle voor die Raad gebring, en die hoëpriester sê toe vir hulle: 28“Het ons julle nie uitdruklik belet om die mense in hierdie Naam te leer nie? En nou lê die hele Jerusalem vol van julle leer! Boonop wil julle ons ook nog verantwoordelik hou vir hierdie man se dood.”

29Petrus en die ander apostels het geantwoord: “’n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense! 30Die God van ons voorvaders het Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur Hom aan die kruis te hang. 31God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe. 32En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan dié wat aan Hom gehoorsaam is.”

33Toe die Raad dit hoor, was hulle woedend, en hulle wou die apostels doodmaak. 34Een van die Fariseërs in die Raad, ’n man met die naam Gamaliël, wat as leermeester van die wet van Moses by die hele volk in hoë aansien was, het toe opgestaan en gevra dat die apostels ’n rukkie buitentoe gevat moet word. 35Daarna sê hy vir die Raad: “Israeliete, julle moet versigtig wees wat julle met hierdie mense gaan doen. 36’n Tyd gelede was daar die geval van Teudas, wat in opstand gekom en daarop aanspraak gemaak het dat hy iemand van betekenis is. Hy het ’n aanhang gekry van omtrent vier honderd man. Hy is doodgemaak, en al sy volgelinge is verstrooi, en die opstand het op niks uitgeloop nie. 37Daarna was dit Judas die Galileër, wat in die tyd van die volkstelling in opstand gekom het met ’n deel van die volk agter hom aan. Ook hy is om die lewe gebring, en al sy volgelinge is uitmekaar gejaag. 38Wat die huidige geval betref, my raad aan julle is: laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks van kom nie. 39Maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie. Moenie dat dit dalk later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie!”

Die Raad het na hom geluister. 40Hulle het die apostels ingeroep, hulle laat slaan en hulle belet om weer in die Naam van Jesus te praat. Daarna het hulle hulle losgelaat.

41Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly. 42En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.

Stroomop **Sleutelvers: Hand. 5:29**

Sedert die vroegste tyd moes die Christendom stroomop beur teen dinge soos vervolging en openlike verwerping.

Vir die apostels was dit vir seker ook nie maklik om lynreg teen die bevele van die Joodse Raad in oor Christus te bly preek nie. Hulle het dit gewaag om met die “staatsmasjinerie” swaarde te

kruis, en het besef dat dit ’n lewensgevaarlike ding was om te doen. Veral nog omdat hulle in die hoofkwartier van die “opposisie” vertel het dat niemand minder nie as die Joodse Raad self medepligtig was aan die dood van Jesus. Daarom is hulle kort voor lank weer gevange geneem en voor die Joodse Raad gebring.

Petrus het egter nie geswig onder die geweldige druk wat nou op hom en sy kollegas was nie. Hy het die Joodse Raad vierkantig in die oë gekyk en vir hulle gesê dat die apostels meer gehoorsaam aan God as aan mense is. Daarom het hy en die ander apostels die bevel tot stilswye geïgnoreer. Daarmee saam het hy die geleentheid aangegryp om die evangelie aan die Joodse Raad te verkondig. Hy het weer die skuld vir die dood van Jesus op hulle skouers geplaas en herhaal dat Jesus inderdaad die Verlosser is wat nou aan die regterhand van God sit.

Petrus se woorde het die Fariseërs in die Raad woedend gehad. Hulle was so kwaad dat hulle die apostels sommer daar en dan wou laat doodmaak. Maar dit was nie binne God se raadsplan so beskik nie.

Weliswaar het die apostels met ’n drag slae daarvan afgekom – wat op sigself ook geen grap is nie. Maar dit is hulle vergun om steeds voort te gaan met God se werk.
Moes jy dalk ook onlangs stroomop swem vir jou geloof? Het jy dit gewaag om een van jou kollegas by die werk, of iemand in ’n belangrike openbare posisie teen te gaan omdat hulle met God spot? Dan weet jy ook hoe verwerping en beledigings voel, want dit is gewoonlik mos hoe mense hierop reageer. Maar hou goeie moed. Onthou Petrus se woorde: “’n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense.” Dit is die belangrikste van alles. Hou daarom onverskrokke aan God vas en bly volhard op die regte pad.
Ek moet altyd voor God buig en aan Hom alleen alle gehoorsaamheid bewys.

Gebed vir Gemeente v**ir innerlike krag en sterkte**
Vader …ek bid dat U deur U Gees uit die rykdom van U heerlikheid aan ons die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon en dat ons in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag ons in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Here Jesus, mag ons U liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag ons heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan U wat deur U krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan U kom die eer toe, in die Kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen. (Ef.3:$^{14-21)}$

Vir die Woordbediening
Mag U elkeen wat die Woord verkondig die woorde gee om die evangelie met vrymoedigheid te bekend te maak soos wat U dit vir elkeen oplê om te doen. (Ef.6:$^{18-20}$) Maak U vir hulle wat die Woord moet verkondig 'n deur oop om die geheimenis van Christus te verkondig en dat hulle wat die boodskap hoor, dit helder en duidelik sal verstaan. (Kol.4:$^{3-4}$) Vader, saam met baie gelowiges wil ek bid dat U ons en elkeen wat die Woord verkondig, veilig sal hou tussen die ongelowiges en dat die boodskap wat ons verkondig, aanvaarbaar mag wees vir hulle wat dit hoor. (Rom.15:$^{30-32}$) Mag die bedienaars van die Woord (leraars, Sondagskool leiersl, Selleiers, Ouers in gesinne) staande bly, geestelik volwasse wees en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God. (Kol.4:^{12}) U het ons nie 'n gees van lafhartigheid gegee nie, maar U vul ons met U Gees van krag en liefde en selfbeheersing. (2 Tim.1:^{7})

Vader ek bid vir die eredienste hierdie Vrydag en Sondag: Ek bid dat U ons gemeente sal oprig om te kom luister na U Woord. Berei asseblief ook my hart voor om U hierdie naweek in die erediens te ontmoet.